

21 November

Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-11
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Kenmerke van die ware lidmaat – kruisig die ou mens

Daar is baie tragiese voorbeelde van mense wat uit die graf oor hulle nasate regeer. 'n Testament of ander bepalings, beloftes op die sterfbed of sielkundige kondisionering terwyl die oorledene nog geleef het, kan lank na die dood nog 'n groot invloed uitoefen. Al is die persoon nie meer daar nie dans almal nog na sy/haar pype.

Só 'n stuk tragedie speel hom in elke gelowige se lewe af. Elke mens is immers eintlik twee mense. Jy IS 'n mens wat deur ongehoorsaamheid aan God vir die hel se straf bestem was (vers 6). Maar daardie mens is dood, hy/sy het saam met Christus aan die kruis gesterf (vers 3). Terselfdertyd IS jy ook 'n nuwe mens. Jy het ook saam met Christus uit die dood opgestaan en 'n nuwe, ewige lewe ontvang (vers 1, 3). Johannes sê mos (Joh 3:36): “Wie in die Seun glo, HET die ewige lewe.” Die ewige lewe begin dus nie eers ná jou sterfbed nie, dit begin vandag omdat jy glo! Besef dus dat jy REEDS 'n nuwe mens IS! Iemand wat elke dag beter en sterker groei om soos Christus te lyk (vers 10) en wat uiteindelik niks minder nie as goddelike heerlijkheid sal deel (vers 4).

Hoe tragies as hierdie nuwe mens deur 'n stem uit die graf regeer word! Hoe kan die ou mens, wat reeds dood is, vir die nuwe mens wil voorskryf hoe om te lewe? Jy moet dit glad nie toelaat nie! Daardie ou mens is dood! Maak nou sy/haar invloed ook dood! Begin vandag om gewoon die stem van die ou mens, wat steeds sy verkeerde gewoontes op jou wil afdwing, te ignoreer! Laat die dooies hulle eie dooies begrawe!

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)